

# Die Afrikanerdom se Grootste Gevaar is van Binne

**K**OLONEL Laurens van der Post, die Suid-Afrikaanse skrywer en reisiger, het 'n uitdagende verklaring gemaak voor sy terugkeer na Engeland na 'n verblyf van agt maande in Suid-Afrika. Hy het onder andere gesê:

Daar gebeur iets in die Unie wat uitsluitlik op die politieke terrein uitgeveg word maar wat wesenlik van alles-oortreffende menslike belang is.

Dit is as mens dat ek nie opsy kan staan sonder om deel te neem nie. Dit is vir my onverstaanbaar dat enige Suid-Afrikaner opsy kan staan sonder om 'n beskouing te hê, sonder om met homself versoen te raak.

Ek wil verduidelik dat ek suiwer as 'n Afrikaner praat.

*Hierdie ding wat aan die Kleurling-bevolking en aan die Swartes gedoen word, is so boos en so oneerbaar dat die hele volk onvermydelik moet vergaan.*

Die metodes wat gebruik word om hierdie stelsel van ongeregtheid toe te pas is so verreikend dat dit nie die Kleurling-bevolking en die Swartes is wat in gevaar gestel word nie—die geskiedenis bewys dat die verdruktes uiteindelik triomfeer—maar die siel en die hele bestaan van blanke Suid-Afrika.

Die Afrikanerdom staar die grootste gevaar in sy geskiedenis in die aangesig—'n gevaar wat die Afrikaner-nasie vir hulleself skep.

Dit kom nie van buite nie. Dis is 'n innerlike wond wat die Afrikaner-nasie aan homself toebing.

Vir die eerste keer in my lewe het ek iets gevind (gedurende die afgelope agt maande) in Suid-Afrika wat ek nooit vantevore gevind het nie: vrees. Vrees vir die Staat en vrees vir die Regering. Mense is bang om te praat.

Dit is uiters vernederend vir 'n Afrikaner soos ek om Afrikaners—met hulle heldegeskiedenis—hulle so lafhartig te sien gedra. Dit is bokant my vuurmaakplek.

Ek dink die Afrikaner het rede om bang te wees. Sy gevaar is werklik. Die hele voortbestaan van die ras is op die spel. Dit word van binne-af vernietig.

Deur homself te vernietig, volg die Afrikanerdom 'n klassieke patroon—die onderdrukking van vryhede en die verheerliking van die Staat.

Ons universiteite, skole, staatsdiens, kerke is vol mense wat weet dat hulle die verkeerde ding doen, maar almal is te bang om op te hou.

Tensy Suid-Afrika en in besonder die Afrikanerdom in staat is om die baie lelike weerkaatsing van homself wat uit sy politiek en sy beleid blyk, vierkantig in die oë te kyk, en dit te verloën, beweeg hy in die rigting van 'n ramp.

Tensy ons tot 'n algehele daad van vernuwing in staat is, is ek seker dat ons gedoem is. Ek blameer ons kerke, universiteite, skole, alle instellings wat uit

hulle aard waghonde van die nasionale gees is, Mnr. van der Post het bygevoeg:

Die Engelssprekende Suid-Afrikaner is eweseer skuldig.

Die Engelssprekende besigheidsman steek sy kop soos 'n volstruis in sy bank-legger en dit is al waarin hy belangstel.

So 'n houding is nog meer laakbaar. Dit is tipies van die houding van besigheidsmense in Nazi-Duitsland.

*(Met erkenning aan die S.A. Versoeningsvereniging)*

---

## WITH APOLOGIES TO HEINRICH HOFFMAN

Verwoerd was a likely lad,  
A good clear mind our Verwoerd had,  
And everybody saw with joy  
The clever man grown from the boy;  
He rose to honour in our land.  
We watched to see what he had planned.

But one day—one depressing day,  
He boomed forth "Take those blacks away!  
Oh, take the horrid black away,  
You can't have any blacks today."

Now begins our tale of woes,  
For more determined Verwoerd grows,  
Tho' mines may close and farms fare ill,  
The busy fellow cries out still,  
"Not any blacks for you, I say!  
I'll send these people far away—  
You shan't have any blacks today!"

The third phase comes; Oh, what a sin  
To see white people pale and thin,  
Yet, when we plead that we are poor,  
He shuts and locks and bars the door—  
"I'll keep the frightful blacks away,  
You mayn't have any blacks today!"

Look at us! Confess we're funny,  
No industries, no mines, no money;  
No labour, leisure or employment,  
No peace, no prospects, no enjoyment.  
What makes a clear and factual mind  
Blind itself to lead the blind?

D.R.